

Preek 26 Augustus 2018

Teks: Deuternomium 1:6-8 (Mattheus 16:24-28)

Tema: Gemaksone Christenskap

Inleiding

Carolyn Gregoire skryf so mooi: "Humans are creatures of comfort. **Our comfort zone is our natural, neutral state- a place where stress and anxiety are minimal, where we know what's coming next and we can plan accordingly.**" Ons hou daarvan om te weet wat volgende kom. Sommige van ons meer as ander. Ek is verseker hierdie gemaksone mens. Ek hou nie van reis nie. Ek hou nie van nuwe kussings en nuwe matrasse nie- die kos is vreemd, ek weet nie waar om te gaan draf nie, ek kan nie gim toe gaan nie. Twee dae van reis en ek is moeg en wil by die huis wees waar alles bekend is. My vrou en kinders is weer mal oor reis en elke dag by nuwe plekke wees en gedurig nuwe ervarings hê. Ek gaan so drie keer per jaar Tygervallei toe- ek gaan na dieselfde coffee shop en bestel dieselfde piesang en caramel kaaskoek en 'n cappucino. Hoekom karring aan dit wat jy weet lekker is en wat werk? Party van ons val net makliker in gemaksones in. Hoekom dink julle is ek al twintig jaar in dieselfde dorp in dieselfde gemeente? Ek raak ook gemaklik tussen mense wat ek leer ken en leer vertrou het.

'n Gemaksone het dus te make met roetine en patroon en die spasie waar jy die minimum stres en risiko ervaar. Om dus uit jou gemaksone uit te kom, gaan verseker jou risiko en jou angstigheid en stresvlakke bietjie verhoog. Die wetenskap bewys dit. Dis juis hoekom ons so moeilik uit ons gemaksones wil uitkom. Ons voel veilig daar. Dis juis soos iemand die begrip gemaksone beskryf: **the predictable, safe and cozy box.** Gemaksones is nie noodwendig verkeerd nie. Ons het almal plekke en mense nodig waar ons rustig en gemaklik kan voel.

Ons kom moeilik uit ons gemaksones omdat ons soos ons ouer word al hoe banger word vir mislukking: **We learn to fear failure.** Ons is as kinders dikwels baie meer waagmoedig, maar die lewe leer ons dat ons kan misluk en om te misluk is sleg. Dis vir ons so moeilik om self uit ons gemaksones te beweeg, dat die lewe of die Here of omstandighede dit baie keer vir ons moet doen. Ons gemaksones moet skuif omdat ons omstandighede verander- ek word verplaas Johannesburg toe. Of ons gemaksones skuif deur groot hartseer of trauma in ons lewe- iemand naby aan my sterf of ek hoor ek het kanker. Dan begin jy eers werklik vra of ek besig is met die dinge en die mense wat werklik belangrik is.

Ons het vandag twee gedeeltes saamgelees. In die gedeelte uit Deuternomium word die volk herinner dat hulle lank genoeg by die berg Horeb of Sinai vertoef het. Hulle moes daar wees om die wet of tien gebooe by die Here te kry, maar teen hierdie tyd was hulle langer as 'n jaar reeds aan die uitkamp by

die berg. Ek dink die berg was hulle gemaksones. Daar was skaduwee as dit warm sou word in die dag. Die Here het boonop vir hulle daar kos voorsien elke dag. Wat ongemaklik was, was die opdrag om die beloofde land te gaan inneem. Nou hierdie storie het gevaarlik geklink. Daar was gerugte van reuse en sterk volke van wie hulle baie teenstand sou kry. Toe Moses destyds 12 verkenners daar ingestuur het, het net 2, Joshua en Kaleb aangedui dat hulle vol vertrou is dat volk van die Here die land kon inneem. Om die bekende te verlaat en die onbekende in te trek is al klaar erg, maar om te weet jy moet gaan oorlog maak om die land in te neem en dit kon jou lewe kos, was erger.

Die tweede gedeelte wat ons gelees het uit Matteus 16 klink ook nie te gemaklik nie. Ons dink mos partykeer Jesus se roeping beteken dat jy altyd veilig en op jou gemak sal voel. Ons dink soms saam met die voorspoed-teologie se profete dat Jesus net gekom het om ons drome waar te maak en of om ons te help om onself te verwesenlik om die beste ek te kan wees wat ek moontlik kan wees. Hoor wat sê Jesus hier: As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry. Dis geen gemaksones Christenskap nie. Om aan jouself te sterf klink nie fun nie.

Wat veroorsaak dit in my lewe of die kerk se lewe as ons in ons gemaksones vasgevang bly?

Ons doen dinge soos ons dit nog altyd gedoen het: Kreatiwiteit is laag:

Ons raak tevrede met dinge soos dit is en vra later nie of daar meer is en of dinge anders kan wees nie. Die deel van ons brein wat na kreatiewe oplossings soek, is in die frontale lobbe van die brein en by mense wat nie bereid is om nuwe vrae te vra, nuwe antwoorde te soek of die invloed van nuwe inligting wil toelaat nie, het wetenskaplike navorsing bewys, is hierdie frontale lobfunksie afgeskakel. Ons gebruik as ons in ons gemaksones vasgekeer (stuck) is, dieselfde oplossings vir dikwels nuwe probleme en uitdagings of ons probeer om die ou dinge wat ons nog altyd gedoen het, net beter te doen. As jy in gemaksones vasgekeer is, vra jy nie vrae soos: Moet ons hoegenaamd nog hierdie dinge doen nie? Ons sit maar elke jaar met dieselfde sake op die kerklike agenda en ons karring in ons lewens oor en oor met dieselfde issues. Ons weet dit is pynlik om met ons issues saam te leef, maar ons is bang dis meer pynlik om dit in die gesig te kyk en dit deur te werk en dit agter te laat.

Dis ook maar maklik om as gemeente in gemaksones te kom: Ons weet die gemeente het nog altyd lekker gesing, die band is uitstekend, ons weet ons fasiliteite is goed, daar is nog genoeg mense op die kerkbanke en ons is nog finansiëel redelik goed af. Kom ons wees eerlik: dit het al slegter gegaan, hoekom karring aan waar ons nou is? Daarom sukkel ons om te besluit oor nuwe inisiatiewe soos of ons meditatiewe geleenthede elke week moet hou. Al is die behoefte duidelik daar. Daarom klink die

gedagte dat as ons kinders op uitstappies en uitreike wil neem in die toekoms, ouers meer betrokke moet raak vir jou dalk bietjie ongemaklik. Ons het dit tog nie voorheen so gedoen nie. Die kinders se eerlikheid oor wat hulle behoeftes is, laat ons nou uit ons gemaksones klim van hulle altyd in die kerk of klaskamer te laat sit en het hulle net met kopkennis te bepraat.

Ons skuif van spelers of deelnemers na skeidsregters:

Iemand skryf as jy in gemaksones vasgevang raak, then you feel as if you are watching life instead of living it. Ek raak hierdie skeidsregter wat van die kant af ander mense afskiet wat wel dinge waag en uit hul gemaksones wil kom en wil groei. En natuurlik omdat hulle iets waag misluk. Ons hou daarvan: Dis hoekom ek dit nie eers sal probeer nie.

Wie is jy op hierdie stadium in jou lewe- is jy 'n deelnemer of is jy 'n skeidsregter? Neem jy die lewe waar of staan jy onbetrokke op die kantlyn?

Geen risiko is meestal gelyk aan geen groei:

Ek onthou die storie van die vrou wat by haar pa se begrafnis vir die pastoor vertel het hoe musikaal haar pa was en hoe goed hy liedjies kon skryf. Haar pa het egter nooit 'n band gehad of by een aangesluit nie. Hy het nooit sy kitaar op 'n verhoog geneem en voor mense gaan sing nie. Hy was altyd bang hy sou nie goed genoeg wees nie. Toe sluit sy haar storie hartseer af: My father died with all this music still inside him.

Mense wat waag en risiko's neem maak verseker meer foute en misluk dalk selfs ook meer dikwels, maar hulle het dit ten minste gewaag. Hulle het uit die veilige boksie geklim en omdat hulle dit een maal gewaag het, gaan hulle dit volgende keer weer doen. Steven Kotter skryf oor Einstein: Creatives fail and really good ones fail often. Maar dan dink ek aan John Maxwell se boek *Failing Forward*: in sy navorsing oor mense wat geslaagde loopbane gehad het, het Maxwell een sentrale ding by hulle gesien: hulle het almal mislukkings gebruik as stepping stones van leer en groei op die pad na uiteindelijke sukses.

Mense wat hulself nie challenge of uitdaag nie, raak rigied en hulle steek vas. Hoe meer jy jouself uitdaag en strek, hoe meer aanpasbaar en veerkrachtig word jy- you become flexible and resilient. Dit beteken jy sien kans vir al meer en meer uitdagings. Dis soos die vriend van my ouderdom wat elke dag op vyftig jaar oud elke dag honderd push ups doen. Hy vertel dit was soos hierdie switch, hierdie skakelaar wat in sy kop aangegaan het. As ek honderd push ups elke dag kan doen, wat kan ek nog doen?

As jy in jou gemaksones bly, gaan jy nooit jou vrese oorwin nie:

Sir Ranulph Fiennes is bekend as waarskynlik die grootste avonturiers van alle tye. Hy was byvoorbeeld die eerste man wat Antarktika per voet oorgesteek het. Hy het in sewe dae sewe maratons op sewe kontinente gedoen- 'n paar maande na 'n hartaanval. Hy het die bekende Eiger piek later uitgeklim en op sy derde probeerslag op 65 het hy die hoogste spits van Everest bereik. Hy word eendag deur 'n joernalis gevra wat sy grootste vrees of fobie is. Sy antwoord was dadelik: Ek het baie erge hoogtevrees. As daar by die huis teen die leer opgeklim moet word, sal ek my vrou vra om dit te doen. Tog het hierdie man die een ding aangepak wat hy die meeste gevrees het- hy het die Eiger en Everest gaan klim. Hy het geglo die beste plek vir hom is anderkant sy gemaksones.

As jy in gemaksones leef, lyk al die mense in jou kring soos jy en tree soos jy op:

Jou gemaksones is ook dikwels rondom mense. Gewoonlik beteken dit ek soek mense op wat soos ek lyk en doen- my soort mense. Ek wil my nie blootstel aan mense wat anders as ek en my groep is nie. Daarom het ek vooroordele oor mense wat nie soos ek of my groep lyk en dink en optree nie. Ek moes in die kerk in Illingelethu gaan preek en saam met die mense daar vergaderings hou en begrafnis hou voordat ek beseft het hoe opreg swartmense in hulle geloof is. En dat almal nie moorddadig is en wil gryp wat witmense het nie. Jy moet jou gaan blootstel aan mense wat anders as jy is as jy wil groei.

Sonder ander mense se hulp en invloed bly ons dikwels in ons gemaksones. Ons het ander mense nodig om ons gemaksones te breek:

Die rede hoekom ons ander mense nodig het rondom ons gemaksones, is omdat ons nie altyd ons eie gemaksones sien nie. Hoe sien jy dan nou iets wat vir jou normaal is? God gee ook vir ons ander mense om ons te help om ons eie blindekolle wat ook maar gemaksones is, te kan sien.

Een vrou vertel my dat sy altyd maar almal in haar huis gedien het en tot hulle beskikking was. Haar gesin het niks vermoed nie, maar in haar hart was sy kwaad vir haar man en kinders omdat sy dikwels iets anders en soms vir haarself iets sou wou doen as hulle net haar tyd kom oorvat het. Sy het dit self nooit gesien nie, totdat haar 6 jarige seuntjie eendag gevra het: Mamma, hoekom is jy altyd kwaad? Toe het sy eers die woede en kwaadwees diep binne-in haar herken en kon sy haar behoeftes ook naas haar man en kinders se behoeftes kom neersit. Haar gemaksones was om maar altyd beskikbaar te wees en gewillig te wees tot diens, maar die gemaksones het haar diep binne skade berokken.

Slot:

Die Woord van die Here het ons vanoggend uitgedaag oor ons gemaksones. Ons ervaar dalk net hoe gemaklik hulle is, maar sien nie altyd die subtiele skade wat hulle aan ons doen nie. Hulle laat die kreatiewe deel van ons brein waar kreatiewe oplossings bedink word, agteruit gaan en selfs tot

stilstand kom. Hulle leer ons om wat bekend en gemaklik is te omhels en wat onbekend en ongemaklik is te verwerp en te vermy. Hulle help ons nie om ons vrese of ons blindekolle te oorwin nie.

Frank Powell maak hierdie baie raak opmerking: Christians should always live with a healthy discomfort. Dit beteken: glo daar is meer aan jou as wat jy nou sien en beleef. Daar is meer aan die Here en aan jou geloof as wat jy nou al weet en beleef. Daar is soveel nuwe ervarings wat jy nog kan beleef. Daar is soveel meer van mense wat jy nog kan leer en wat jy by hulle kan leer. Jy gaan veral leer by mense wat anders as jy is, as jy bereid is om jou aan hulle bloot te stel. Dis pynlik om jou vrese te oorwin en die wonde van jou menswees te laat genees. Dis pynliker om daarmee saam te leef.

Miskien wonder jy vandag hoekom moet ek groei en verander- hoekom moet ek eerlik oor my issues raak en hulle hanteer? Hier is goeie motivering: Jou eie lewe laat nie die lewens van ander onaangeraak nie. Jou invloed sal ook bepaal of ander ontwaak of groei of nie. Of jou kinders sal ontwaak en groei- dalk of jou kleinkinders sal ontwaak en groei. Of jou besigheid en die mense wat daar werk sal groei. Of die gemeente waarvan jy deel is sal groei. As ek in vrees lewe, leer my kinders vrees is normaal. As ek in woede leef, dink my kinders om kwaad te wees is normaal. As ek selfgerig lewe, gaan my kinders dink om net aan jouself en jou behoeftes te dink is normaal.

Ek sluit af met hierdie aanhaling van Moeder Theresa:

Give the world the best you have and it may never be enough, give the world the best you've got anyway.

Die beste wat jy het om die wêreld te gee kan ek jou waarborg, is altyd anderkant jou gemaksone.

Amen